

20 Januarie

Markus 2:18-22

***Alles moet nuut gemaak word!***

Jesus Christus se koms na hierdie wêreld het 'n totale geestelike vernuwing bewerk. Die ou bedeling is afgesluit en 'n nuwe bedeling het begin. Die ou bedeling met sy koue formalistiese godsdiensbeleving word vervang met 'n godsdiens wat 'n vreugdevolle en persoonlike verhouding met God in Jesus Christus beleef. 'n Godsdiens van blydschap! Wat die vernuwing wat Jesus Christus bewerk het behels, word deur middel van twee beelde verduidelik:

Godsdiens het nie te make met net 'n gedeeltelike vernuwing van jou lewe nie. Beeld: 'n ou kledingstuk, waarop 'n nuwe stuk lap gewerk word. Vir baie mense beteken godsdiens net maar sekere mooi dinge (nuwe lap) wat bo-oor 'n ou stukkende sondelewe (ou kleed) aangewerk moet word. Die ou kleed is nog die grootste, maar daar is darem 'n paar mooi lappe ook teenwoordig. 'n Gelapte sondaarslewe. Nee, so 'n godsdiens het behoort tot 'n ou bedeling wat nou verby is. Daar moet iets anders gebeur.

Godsdiens het te make met 'n totale lewensvernuwing! Beeld: Nuwe wyn kan nie in ou wysakke gegooi word nie, want dit sal die ou sakke skeur en dan verloor jy albei. Nuwe wyn moet in nuwe sterk sakke gegooi word. Om 'n nuwe mens in Jesus Christus te wees beteken nie 'n paar nuwe lappe op 'n ou lewe, of dat jy nuwe dinge in 'n ou lewenswyse wil inforseer nie. Nee, alles moet nuut word. Jesus Christus maak jou 'n nuwe mens en as nuwe mens moet jou hele lewe en lewenswyse verander en vernuut word. So 'n godsdiens is 'n fees en is gevul met vreugde. In so 'n godsdiens lyk jy nie soos 'n geestelike gelapte sondaar (boemelaar) nie, maar word jy deur die Heilige Gees as 'n bruid voorberei vir die koms van die Bruidegom.

Sing Psalm 100:1 en 2

Ds. I.W. Ferreira (Wonderboompoort)